40 MINUTE BYBEL-STUDIES

**’N 6-WEKE, GEEN-TUISWERK BYBELSTUDIE**

MEER AS MILJOEN IN DIE REEKS VERKOOP

Leef Soos ’n Kind van God

# Leef Soos ’n Kind van God



Kay Arthur, David & BJ Lawson

**PRECEPT MINISTRIES** SOUTH AFRICA

40 minute BYBELSTUDIES

40minute BYBELSTUDIES

# Leef Soos 'n Kind van God

Kay Arthur, David & BJ Lawson

**PRECEPT MINISTRIES** SOUTH AFRICA

Leef Soos 'n Kind van God
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
met toestemming van WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921
*A division of Random House Inc.*

A translation of the book
Living Like You Belong to God
*by* Kay Arthur *and* David & BJ Lawson
published by WaterBrook Press

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ISBN 978-1-62119-372-2

Kopiereg © 2007, 2009 Precept Ministries Suid-Afrika

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Kaapstad
2014

10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

# INHOUD

Hoe om Hierdie Studie te Gebruik ............................................... v

**Inleiding:** Leef Soos 'n Kind van God ................................ 1

**Week Een:** 'n God wat Lig en Duisternis Skei ....................... 3

**Week Twee:** Ons Behoort Aan 'n Heilige God ..................... 17

**Week Drie:** Ons Roeping Om Anders As die Wêreld te Leef 31

**Week Vier:** God se Rede Om Ons Af te Sonder.................. 45

**Week Vyf:** Leef Daagliks in die Lig..................................... 57

**Week Ses:** Hoe Heiligheid in Ons Verhoudings na Vore Kom................................................ 69

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagetegroep by die werk, 'n vroegoggendmannegroep, 'n jongmoedergroep in 'n huis, 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het—soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe—en wat net 'n gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die orige tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.)

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in 'n Sondagskoolklas of 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As jy jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep met die merk van woorde te lei.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde van die les, insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep by die bespreking te hou, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat weens 'n afname in belangstelling uitsak.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om op die waarheid van die Skrif te fokus. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# LEEF SOOS 'N KIND VAN GOD

Vir hedendaagse kerke is die begrip *heiligheid* 'n bietjie argaïes, of oudmodies. Af en toe duik die woord op in 'n gesprek, en dan sien die meeste mense voor hul geestesoog 'n priester in sy kleed of 'n vrou met 'n lang rok en bolla—mense met 'n lewe sonder enige pret, vreugde en vrolikheid.

Miskien assosieer jy die konsep met die afstootlike ek-is-beter-as-jy houding van 'n selfaangestelde lid van die vroomheidspolisie. Of wek die woord *heilig* by jou 'n gevoel van verslaentheid en moedeloosheid by die gedagte aan die volmaakte lewe wat jy nooit sal verkry nie?

Ons doel met hierdie studie is om daardie misplaasde idees in jou kop om te keer sodat jy sal ontdek dat 'n lewe van opregte heiligheid die sleutel tot ware geluk is. Eerder as een of ander ongegronde standaard wat deur 'n kerk daargestel is, of 'n einddoel

van sondelose volmaaktheid, handel heiligheid daaroor om God te behaag, om so te leef dat dit duidelik is dat jy aan Hom behoort. Heiligheid is dié eienskap wat die gelowige uniek maak en duidelik van die ongelowige onderskei.

Alhoewel dit die afgelope paar jaar verwaarloos is, is heiligheid 'n Bybelse begrip, een wat meer as seshonderd keer in die Woord genoem word. Dit is selfs die sleuteltema vir sommige Bybelboeke, soos byvoorbeeld Levítikus. Indien heiligheid so 'n basiese Bybelse konsep is, behoort ons te weet wat dit is en hoe dit veronderstel is om in ons lewens weerspieël te word.

Gedurende die volgende ses weke gaan ons leer wat heiligheid is, wat God daarvan dink en hoe heiligheid in die praktyk ons, as gelowiges, se daaglikse lewe moet rig.

# WEEK EEN

Alhoewel sommige mense verkies om te glo dat 'n liefdevolle God al sy skepsels as gelyk beskou, het Hy heel van die begin af gekies om sekere dinge en mense vir sy doel af te sonder. Hierdie week bestudeer ons die duidelike andersheid wat God daargestel het om spesifieke dinge en mense as heilig te onderskei.

## WAARNEMING

Laat ons met die aanvang van ons studie eers terugblaai na die verslag van die skepping om te ontdek wie God is en wat sy begeerte van die begin af was.

***Leier:*** *Lees Génesis 1:1-5 hardop. Laat die groep die woorde saam sê en*

- *elke verwysing na **God**, insluitende voornaamwoorde, met 'n driehoek merk:* 
- *'n wolkie soos dié*  *om die woord **skeiding** trek.*

*Wanneer jy die teks lees, is dit nuttig om die groep die woorde hardop te laat sê terwyl hulle dit merk. Sodoende sal almal seker wees dat hulle die woord merk elke keer as dit voorkom, tesame met enige sinonieme woorde of –frases. Doen dit dwarsdeur die studie.*

### Génesis 1:1–5

1 In die begin het
God die hemel en die
aarde geskape.

2 En die aarde was
woes en leeg, en
duisternis was op die
wêreldvloed, en die
Gees van God het
gesweef op die waters.

3 En God het gesê:
Laat daar lig wees! En
daar was lig.

4 Toe sien God dat
die lig goed was. En
God het skeiding
gemaak tussen die lig
en die duisternis;

5 en God het die lig dag genoem, en die duisternis het Hy nag genoem. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.

## BESPREKING

- Lees aandagtig waar jy *God* in hierdie gedeelte gemerk het en lys alles wat hy gedoen het.
- Net sodat jy dit nie miskyk nie: Wat presies het God van mekaar geskei?
- Is dit nie opwindend nie? Die eerste opgetekende woorde van God was: "Laat daar lig wees". Sy eerste skeppingsdaad was om die fisiese lig van die fisiese duisternis te skei. Sedertdien is Hy voortdurend besig om op geestelike vlak die lig en die duisternis te skei. Hou dit in gedagte wanneer ons ons studie van heiligheid voortsit.

## WAARNEMING

Die volk Israel, God se uitverkorenes (Génesis 12), was slawe in Egipte. God het 'n man, Moses, verkies om hulle uit te lei en as middelaar tussen Hom en hulle op te tree. Die gedeelte wat ons gaan lees, begin nadat hulle verskriklik teen Hom gesondig het. Hy het hul sonde vergewe, maar gedreig om sy teenwoordigheid aan hulle te onttrek. Daarom het Moses vir hulle by God ingetree.

***Leier:*** *Lees Exodus 33:15-16 hardop.*

- *Laat die groep 'n wolkie trek om die woord* ***onderskeie:***

## EXODUS 33:15–16

15 Toe sê hy vir
Hom: As U nie self
meegaan nie, laat ons
dan nie hiervandaan
optrek nie.

16 Want waaraan
sou dan bekend word
dat ek genade in u
oë gevind het, ek
en u volk? Is dit nie
daaraan dat U met
ons saamtrek nie? So
sal ons, ek en u volk,
onderskeie wees van
elke volk wat op die
aarde is.

## BESPREKING

- Wat het, volgens Moses, Israel van al die ander nasies onderskei?

- Hou bostaande in gedagte en sê waarom Moses meer wou hê as net die wete dat die volk vergeef is.

- Wat van jou? Sal jy tevrede wees met slegs die wete dat jou sondes vergeef is, of begeer jy meer as dit? Wat onderskei jou van die wêreld waarin jy leef?

## WAARNEMING

Soos wat in Levítikus 21 verduidelik word, is van die priesters verwag om die heiligheid van die tabernakel en die uniekheid van die volk Israel te bewaar. Daarom was hulle aan 'n hoër standaard as die gemiddelde Israeliet onderworpe.

**Levítikus 21:6**

Heilig moet hulle aan hulle God wees en die Naam van hulle God nie ontheilig nie; want hulle offer die vuuroffers van die Here, die spys van hulle God; daarom moet hulle heilig wees.

**Deuteronómium 33:10**

Hulle sal Jakob u verordeninge leer en Israel u wet; hulle sal reukwerk voor U neerlê en ’n voloffer op u altaar.

***Leier:*** *Lees Levítikus 21:6 en Deuteronómium 33:10 hardop en laat die groep*

- *’n* **P** *trek oor die woord* ***hulle****, wat na die* ***priesters*** *verwys.*
- *’n wolkie om die woord* ***heilig*** *trek.*

**INSIG**

Die woord *ontheilig* beteken hier *“om te besoedel, alledaags te maak, te onteer, ’n verbond te verbreek.”*

## BESPREKING

- Wat het jy uit die merk van die verwysings na die priesters geleer? Waarvoor was hulle verantwoordelik?

## WAARNEMING

Israel het nie God se gebooie onderhou nie en die priesters was deels verantwoordelik daarvoor.

***Leier:*** *Lees Eségiël 22:26 hardop en laat die groep*

- *’n* **P** *trek oor elke verwysing na die* ***priesters****, insluitende voornaamwoorde.*

- *'n wolkie soos dié trek om die woorde* ***heilig*** *en* ***rein****.*
- *'n wolkie met 'n skuinsstreep daardeur trek om* ***onheilig*** *en* ***onrein****, só:*

## BESPREKING

- Watter aanklagte het God, deur die woorde van Eségiël, teen die priesters ingebring?

- Ons het gesien dat die priesters veronderstel was om aan die volk die verskil tussen rein en onrein te leer. In Levítikus is hulle geleer hoe hulle moes leef om 'n voorbeeld aan die volk te stel. Uit alles wat jy tot dusver geleer het: het die priesters God se gebooie onderhou? Verduidelik jou antwoord.

- Hoe ernstig is God oor die tref van 'n onderskeid tussen heilig en onheilig, en waarom?

**Eségiël 22:26**

Sy priesters verkrag my wet en ontheilig my heilige dinge; tussen heilig en onheilig maak hulle geen onderskeid nie, en die verskil tussen onrein en rein gee hulle nie te kenne nie; daarby maak hulle hul oë toe vir my sabbatte; ja, Ek word onder hulle ontheilig.

## Levítikus 10:1–5

1 En die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die Here gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie.

2 Daarop het daar vuur van die aangesig van die Here uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die Here.

3 Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die Here gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die

## WAARNEMING

Soos ons reeds gesien het, was dit die plig van die priesters om oor die heiligheid van die volk te waak. Deur God se wet streng te gehoorsaam, het hulle getoon dat hulle afgesonder is en ’n duidelike onderskeid tref tussen heilig en onheilig.

***Leier:*** *Lees Levítikus10:1-5 hardop en laat die groep*

- *die verwysings na* ***Nadab*** *en* ***Abíhu*** *onderstreep.*
- *elke verwysing na die* ***Here****, insluitende voornaamwoorde, met ’n driehoek merk:* △

### INSIG

Nadab en Abíhu het die voorreg gehad om saam met Moses en hul vader op die heilige berg te staan (Exodus 24:9). Hulle het die woorde van die wet gehoor en geweet wat God vereis.

## BESPREKING

- Het Nadab en Abíhu gedoen wat die Here hulle beveel het om te doen? Verduidelik jou antwoord.

- Hoe word die vuur wat hulle gebruik het, in vers 1 beskryf?

- Wat was die probleem? Waarom?

- Hoe sou jy die gesindheid van Nadab en Abíhu beskryf in die lig van wat jy tot dusver geleer het?

- Het hul aanbidding God behaag? Hoe het Hy gereageer?

**INSIG**

Vuur uit die hemel is twaalf keer in die Ou Testament gebruik, ses keer as 'n teken van God se goedkeuring en ses keer as oordeel.

In hierdie konteks beteken *heilig* om afgesonder te wees van die alledaagse en met groot respek behandel te word. Die priesters het God as alledaags en met groot disrespek behandel.

- God het Nadab en Abíhu se ongehoorsaamheid in 'n ernstige lig beskou. Bespreek hoe dit met ons vandag verband hou.

hele volk wil Ek My
verheerlik. Maar Aäron
het stilgebly.

4 En Moses het Mísael
en Élsafan, die seuns
van Ussíël, die oom
van Aäron, geroep en
aan hulle gesê: Kom
nader, dra julle broers
van die heiligdom af
weg, buitekant die laer
uit.

5 Toe het hulle nader
gekom en hulle in
hul rokke buitekant
die laer uitgedra soos
Moses gesê het.

- Wat was God se gebod in vers 3?

- Kan ’n mens in ongehoorsaamheid wandel en steeds in God se teenwoordigheid verkeer?

- Kan jy God se teenwoordigheid betree sonder om sy heiligheid in ag te neem? Verduidelik jou antwoord.

**ROMEINE 15:4**

Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê.

## WAARNEMING

Die Ou Testamentiese gedeeltes wat ons gelees het, laat ons duidelik verstaan hoe besorg God in die antieke tyd was oor die skeiding tussen heilig en onheilig. Ons moet egter weet of daardie onderskeiding vandag steeds van toepassing is. Laat ons ’n paar Nuwe Testamentiese gedeeltes raadpleeg om uit te vind.

***Leier:*** *Lees Romeine 15:4.*

- *Laat die groep die woord* ***geskrywe*** *hardop sê en ’n kronkellyn daaronder trek:*

## BESPREKING

- Wat het jy geleer deur *geskrywe* te merk en hoe raak dit ons studie?

## WAARNEMING

Wat het al hierdie gepraat oor priesters met ons te doen?

***Leier:*** *Lees 1 Petrus 2:5, 9 en laat die groep*

- *die woord* ***julle****, wat hier na* ***gelowiges*** *verwys, omkring.*
- *'n wolkie trek om die woord* ***heilig****.*
- *'n* **P** *trek oor die woord* ***priesterdom****.*

**1 PETRUS 2:5, 9**

5 en laat julle
ook soos lewende
stene opbou, tot 'n
geestelike huis, 'n
heilige priesterdom,
om geestelike offers
te bring wat aan God
welgevallig is deur
Jesus Christus . . .

9 Maar julle is 'n
uitverkore geslag, 'n
koninklike priesterdom,
'n heilige volk, 'n volk
as eiendom verkry, om
te verkondig die deugde
van Hom wat julle uit
die duisternis geroep
het tot sy wonderbare
lig,

**INSIG**

Die woord *priesterdom* soos dit hier gebruik word, omvat die idee van 'n broederskap, 'n groep priesters. Dit verwys na alle gelowiges.

## BESPREKING

- Wat het jy uit hierdie verse omtrent gelowiges geleer?

- Wat is hulle, as priesters, geroep om te doen, volgens vers 5?

**ROMEINE 12:1–2**

1 Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer— dit is julle redelike godsdiens.

2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

.

## WAARNEMING

Alhoewel die dood van Jesus aan die kruis die nodigheid vir bloedoffers eens en vir altyd beëindig het, word daar vandag steeds van Christene verwag om offers aan God te bring. Kom ons kyk hoe dit met die roeping om anders as die wêreld rondom ons te wees, verband hou.

***Leier:** Lees Romeine 12:1-2 hardop en laat die groep*

- *die voornaamwoorde **julle** en **jul**, wat hier na **gelowiges** verwys, omkring.*
- *'n wolkie trek om die woord **heilig**.*

## BESPREKING

- As 'n priester het elke gelowige die onbeskryflike voorreg om die teenwoordigheid van God te betree, maar saam met daardie voorreg, kom daar ook verantwoordelikheid. Wat is die verantwoordelikhede van die priester-gelowige?

- Wat sal die gevolg wees as die priester-gelowige dit nakom? Verduidelik jou antwoord.

## WAARNEMING

Kom ons kyk na nog twee gedeeltes wat die verantwoordelikhede van priester-gelowiges beklemtoon.

***Leier:*** *Lees 1 Petrus 1:14-16 en Efésiërs 5:6-10 en laat die groep*

- *die voornaamwoorde **julle** en **jul** omkring.*
- *'n wolkie trek om die woord **heilig** en Jesus se woorde: **Wees heilig want Ek is heilig**.*
- *'n raampie trek om die woord **vroeër**.*

## BESPREKING

- Wat het jy uit hierdie verse omtrent priester-gelowiges geleer?

- Hoe hou dít wat jy in hierdie verse opgemerk het, verband met wat jy vroeër in die les geleer het aangaande God se kinders wat 'n onderskeid tussen heilig en onheilig moet tref?

### 1 Petrus 1:14–16

14 Soos gehoorsame
kinders moet julle nie
jul lewe inrig volgens
die begeerlikhede
wat tevore in julle
onwetendheid bestaan
het nie.

15 Maar soos Hy wat
julle geroep het, heilig
is, moet julle ook in
jul hele lewenswandel
heilig word,

16 omdat daar
geskrywe is: Wees
heilig, want Ek is
heilig.

### Efésiërs 5:6–10

6 Laat niemand
julle met ydel woorde
verlei nie, want
daardeur kom die
toorn van God oor
die kinders van die
ongehoorsaamheid.

7 Wees dan nie hulle
deelgenote nie.

8 Want vroeër was
julle duisternis, maar
nou is julle lig in die
Here—wandel soos
kinders van die lig.

9 Want die vrug
van die Gees bestaan
in alle goedheid
en geregtigheid en
waarheid.

10 En beproef wat die
Here welbehaaglik is . . .

- Met alles wat jy hierdie week geleer het in gedagte: wat is die verband tussen afsondering en heiligheid? Hoe word afgesonderdheid in jou lewe weerspieël?

- Bespreek, ter afsluiting van hierdie les, hoe die waarhede wat jy geleer het, jou beïnvloed en jou persoonlike keuses sal help vorm.

- Hoe beïnvloed ons hantering van hierdie waarhede ons verteenwoordiging van Jesus in hierdie wêreld?

## SAMEVATTING

Die eerste opgetekende woorde van God in die Bybel is: "Laat daar lig wees" (Génesis 1:3). Sy eerste opgetekende daad, nadat Hy die aarde en die hemel geskape het, was om lig en duisternis te skei. Hierdie letterlike skeiding het 'n metafoor vir 'n geestelike waarheid geword. In Johannes 1 word Jesus beskryf as die Lig van die mense wat skyn in die duisternis. In Matthéüs 5 het Jesus geleer dat gelowiges, as burgers van die koninkryk van die hemele, die lig van die wêreld is (vers 14). "Laat julle lig so skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader, wat in die hemele is, verheerlik" (vers16). Daarna het Hy voortgegaan om in die res van die Bergpredikasie 'n heilige leefstyl te beskryf (Matthéüs 5-7).

Lig is die eienskap van Christene. Ons moet duidelik van die duisternis geskei wees. Geen grys area of skaduwees nie. Ons, as mense wat die Naam van Christus dra, moet lig wees—helder, suiwer lig, wat in die duisternis skyn sodat almal die waarheid sal sien en sommige selfs die Vader sal soek.

Leef jy as 'n kind van die lig? Is jou heiligheid duidelik sigbaar vir 'n donker wêreld?


Soms, op te veel plekke, leef die mense wat geroep is as die kerk, in die skaduwees. Bestee tyd aan gebed en vra God om jou die areas van duisternis in jou eie lewe, areas waar jy nie in heiligheid wandel nie, te wys. As God 'n area van duisternis aan jou uitwys, bely dit as sonde, in die wete dat Hy beloof het om jou van alle ongeregtigheid te reinig. Wandel dan in die lig; en lééf die heiligheid wat wys dat jy God se eiendom is.


40 MINUTE BYBEL STUDIES





















# Geen-tuiswerk Bybelstudies


Help Jou om die Waarheid self te ontdek
























# OMTRENT KAY ARTHUR EN PRECEPT MINISTRIES INTERNATIONAL

KAY ARTHUR is wêreldbekend as internasionale Bybelleraar, skrywer, konferensiespreker en gasheer van die nasionale radio- en televisieprogramme *Precepts for Life*, wat 'n wêreldwye gehoor van meer as 4 miljoen het. Sy het reeds vier keer die Gold Medallion Award as skrywer verower en is die outeur van meer as 100 boeke en Bybelstudies.

Kay en haar eggenoot, Jack, stigter van Precept Ministries International in 1970 te Chattanooga, Tennesee, se visie is om mense te vestig in God se Woord. Vandag het die bediening wêreldwyd uitgebrei. Tesame met induktiewe Bybelstudie-werkswinkels en duisende kleingroep Bybelstudiegroepe regoor Amerika, reik PMI uit na ongeveer 185 lande met induktiewe Bybelstudies, wat reeds in 70 tale vertaal is. Die bediening leer mense hoe om waarheid self te ontdek.

Skakel Precept Ministries Suid-Afrika vir meer inligting oor induktiewe Bybelstudies in jou omgewing.

Precept Ministries South-Africa
Posbus 539
Howard Place, 7450
Tel.: +27 (0)21 531 1836
www.precept.org.za